



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

GRAAD 6

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

STEL 3: 2012 MODELVRAE

Lees die onderstaande teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

Daar was eendag 'n konyn wat altyd bekommerd was. "O wêreld!," het hy die hele dag gemompel, " Alla wêreld! "

Sy grootste bekommernis was dat daar 'n aardbewing sou kom. "Wat gaan met my gebeur indien daar een op pad is?" het hy vir homself telkens gevra.

Een oggend was hy baie bekommerd. 'n Enorme vrug het skielik vanuit 'n boom daar naby, op die grond geval – KADOEF – die hele aarde het geskud en geruk.

"Aardbewing!" het hy geskree.

Hy het deur die landerye gehardloop om sy niggies en nefies te gaan waarsku.

"Aardbewing!" "Hardloop vir jul lewens!"

Al die konyne het die landerye verlaat. Hulle het hom gevolg en verskrik rondgehardloop. Hulle het deur die landerye gehardloop, deur die woude en riviere, teen die heuwels op om nog meer niggies en nefies te waarsku.

Daarna het hy verby 'n olifant gehardloop. "Aardbewing!" "Hardloop vir jou lewe!" het hy geskree.

Die olifant het die konyne gevolg en die aarde het geskud weens sy swaar voetstappe.

Hulle het verby 'n trop kameelperde gehardloop. "Aardbewing!" "Hardloop vir jul lewens!", het die konyn geskree.

Die kameelperde het die olifante gevolg, wat weer die konyne gevolg het.

Teen die tyd dat hulle by die berg gekom het, het tienduisend konyne, en olifant met 'n woeste geraas van geluide wat soos donderweer klink, teen die helling opbeweeg. Die eerste konyn het agterna geloer om te kyk of die aardbewing nader kom, maar al wat hy kon sien was 'n menigte van diere wat teen 'n spoed hardloop.

Terwyl hulle daar gestaan en na hul asemes gesnak het, het 'n leeu verskyn.

"Wat gaan aan?" het die leeu gevra.

"Aardbewing! Aardbewing!" het die konyn gebabbel.

" 'n Aardbewing?" het die leeu gevra. "Wie het dit gesien? Wie het dit gehoor?"

"Nie ek nie," het die olifant gesê.

"Nie ons nie." het die kameelperd gesê.

"Vra vir hom, Vra vir hom!" het al die konyne geskree terwyl hulle na die eerste konyn wys. Die leeu het hom na die konyn gedraai.

"Asseblief, Meneer," het die konyn skamerig gesê, " Ek het rustig by die huis gesit toe ek 'n vreeslike geraas hoor wat die grond laat skud het. Ek het geweet dit moet 'n aardbewing wees. Daarom, meneer, het ek so vinnig as wat ek kon gehardloop om al die ander te gaan waarsku om hulle lewens te red."

"My broer, sal jy so dapper wees om vir my te gaan wys waar hierdie vreeslike ramp plaasgevind het?" het die leeu gevra.

"O, nee, ek kan nooit weer daarheen teruggaan nie!" het die konyn gesê.

"Klim op my rug en ek sal jou neem. Ek sal mooi na jou kyk," het die leeu gesê.

Die konyn het 'n bietjie bangerig op die leeu se rug geklim en hulle was op die pad. Hulle het oor die berge en heuwels, anderkant die riviere en vlaktes, deur die woude en velde gegaan totdat hulle by die konyn se huis aangekom het.

"Dit is waar wat ek gehoor het, Meneer. Ek het dit ook gevoel. Die grond het geskud."

Die leeu het rondom hom gekyk – gou het hy 'n enorme klapperdop gesien wat met 'n lawaai van die boom moes afgeval het. Hy het ook 'n klein apie in die boom sien sit. Die leeu het die klapperdop opgetel, op 'n hoë rots geklim en dit op die grond laat val. KADOEF!

Die konyn het 'n meter hoog in die lug opgespring. "Aardbewing! Gou – hardloop weg – daar gebeur dit weer!"

Hy het besef dat die leeu skater van die lag en het die gekraakte klapperdop langs sy pote sien lê.

"O", het die konyn gefluister. "Dan was dit nie regtig 'n aardbewing nie, was dit?"

"Nee," het die leeu gesê "dit was nie, en jy hoef nie bang te wees nie."

"Ek was 'n verspote konyn!"

Die leeu het vriendelik geglimlag. "Dit maak nie saak nie, broertjie. Almal van ons – selfs ek is soms so bang vir dinge wat ons nie verstaan nie."

Hy het toe na die duisende konyne, die olifant en die kameelperde gestap wat nog bo-op die bergtop gewag het. Hy het vir hulle gaan vertel dat dit nou veilig was om terug huis toe te gaan.

[Verwerk uit : *Rabbit heralds the earth quake* deur Rosalind Kerven in PIRLS Leesboek]

1.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Die beste titel vir die verhaal is ...

- A Die diere volg die konyn .
- B Die leeu en die diere.
- C Konyn se waarskuwing oor `n aardbewing
- D Die klapper val op die apie. (1)

1.2 Skryf 'n titel vir die verhaal.

_____ (1)

1.3 Skryf jou eie titel vir die verhaal.

_____ (1)

1.4 Voltooi die volgende sin.

Die beste titel vir die verhaal is _____ (1)

2.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Die verhaal het _____ plaasgevind. (1)

- A in 'n woud
- B in die tuin
- C op die speelgrond
- D by die huis (1)

2.2 Waar vind die verhaal plaas ?

_____ (1)

2.3 Vul die korrekte antwoord in.

Die verhaal het in _____ plaasgevind? (1)

2.4 Onderstreep die korrekte antwoord.

Die verhaal het in 'n (woud/huis) plaasgevind. (1)

3.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Die _____ het op die leeu se rug geklim.

A die kameelperde

B die olifant

C die konyn

D die apie

(1)

3.2 Voltooi die volgende stelling.

Die _____ het op die leeu se rug geklim.

(1)

3.3 Wie het op die leeu se rug geklim ?

_____ (1)

3.4 Onderstreep die korrekte antwoord.

Die (konyn, apie) het op die leeu se rug geklim.

(1)

4.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Wie is die hoofkarakter in die verhaal?

A die leeu

B die kameelperd

C die apie

D die konyn

(1)

4.2 Onderstreep die korrekte antwoord.

Die hoofkarakter in die verhaal is 'n (leeu, kameelperd, apie, konyn).

(1)

4.3 Wie is die hoofkarakter in die verhaal?

_____ (1)

4.4 Vul die korrekte antwoord in.

Die hoofkarakter in die verhaal is 'n _____ .

(1)

5.1 Het die diere gehardloop vir hulle lewens?
Sê Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord.
_____ (2)

5.2 Waarom het die diere gehardloop om hulle lewens te red?
_____ (1)

5.3 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is? Gee 'n rede vir jou antwoord.
Die diere het gehardloop om hulle lewens te red. _____
_____ (2)

5.4 Gee 'n rede waarom die diere gehardloop het om hulle lewens te red.
_____ (1)

6.1 Kies die korrekte antwoord.
Die leeu het (geken, geweet) dat dit nie 'n aardbewing was nie.
Die diere is nou (veilig, veiling) na die aardbewing. (2)

6.2 Maak sinne met die volgende woorde.
weet- _____
veilig- _____ (2)

6.3 Verbeter die spelling in die onderstreepte woorde.
Die leeu het geweert dat dit nie 'n aardbewing was nie.
Die diere is nou veelig na die aardbewing. (2)

6.4 Onderstreep die korrekte antwoord.
Die leeu het (geken, geweet) dat dit nie 'n aardbewing was nie.
Die diere is nou (veilig, veiling) na die aardbewing. (2)

FEITE OOR GOUD

Goud is een van die waardevolste en pragtigste metale op aarde. Dit is baie sag en kan maklik in verskillende vorme vervaardig en gebuig word. Goud kan gesmelt word teen 'n hoë temperatuur. Goud is een van die swaarste metale. Dit is 'n goeie geleier van elektrisiteit.

Goud is 'n "elastiese" metaal. 'n Stukkie goud, die grootte van 'n speld, kan gerek word so lank soos die lengte van twee voetbalvelde. 'n Stukkie goud, die grootte van 'n 20c muntstuk, kan uitgerol word om hierdie bladsy te dek.

Goud word oral gevind – in die aarde, in die oseaan en ook in sommige riviere! Goud is hier om te bly! Dit bederf, roes of verander nie van kleur nie. Suid-Afrika is een van die belangrikste lande in die wêreld wat goud produseer.

Selvs na 'n eeu van ontginning, het ons nog meer goud in ons myne as enige ander land ter wêreld.

7.1 Maak 'n opsomming van VYF sinne oor die eienskappe van goud.

(5)

7.2 Skryf VYF frases/woorde neer oor die belangrikste eienskappe van goud.

(5)

7.3 Voltooi die onderstaande sinne deur die korrekte woord in te vul.

Goud smelt teen 'n baie hoë _____.

Goud is 'n goeie _____ van elektrisiteit.

Goud is een van die _____ metale.

Goud is _____

(5)

7.4 Skryf VYF kernsinne oor goud neer.

(5)

8.1 Skryf TWEE sinne om te beskryf hoe 'n goue horlosie gemaak word.

(2)

8.2 Voltooi die onderstaande sin deur die korrekte woord in te vul.

Nadat die goud uit die grond _____ word, word dit in 'n baie warm oond _____.

(2)

8.3 Onderstreep die korrekte antwoord in die onderstaande sinne.

Nadat die goud uit die grond (dreineer; ontgin) word, word dit in 'n baie warm oond (gesmelt; gegiet).

(2)

9.1 Voltooi die onderstaande sinne in jou eie woorde.

Goud smelt, _____.

Goud is baie sag, en kan maklik _____.

(2)

10.

HOE OM 'N VLIËR TE MAAK:

Jy het die volgende nodig:

'n bruin kardoessak ; papier; lyn; gom; verf

Metode:

Maak vier gaatjies aan die bokant van die bruin kardoessak. Een aan elke kant. Plak papier ringetjies met gom rondom elke gaatjie om dit sterker te maak.

Sny dan twee toue, van ongeveer 72cm elk.

Trek die tou deur die gaatjies en bind die eindpunte saam om twee ogies te maak.

Sny dan nog 'n tou van ongeveer 72cm in lengte.

Trek die nuwe tou deur die twee ogies en bind dit vas. Die derde tou sal die handvatsel van jou vlieër wees.

Plak verskillende versierings op jou vlieër en verf dit dan in helder kleure.

10.1 Plaas die onderstaande proses in die regte volgorde oor hoe om 'n vlieër te maak. Skryf slegs die nommer in die antwoordkolom neer.

NO.	PROSES	ANTWOORD
1	Plak verskillende versierings op jou vlieër.	
2	Bind die eindpunte van die tou om twee ogies te vorm.	
3	Maak vier gaatjies aan die bokant van die bruin kardoessak.	

(3)

10.2 Skryf die DRIE belangrikste stappe neer oor hoe om 'n vlieër te maak.

(3)

12.3 Kies die korrekte voegwoord tussen hakies.

11.1 Gebruik die volgende byvoeglike naamwoorde in 'n sin.

pragtige: _____

sterk : _____ (2)

11.2 Maak sinne met die volgende byvoeglike naamwoorde.

pragtige: _____

sterk : _____ (2)

11.3 Onderstreep die byvoeglike naamwoord in die onderstaande sinne.

Die pragtige meisie het in die son gespeel.

Die sterk seun het die meisie gehelp. (2)

11.4 Voltooi die onderstaande sinne met 'n gepaste byvoeglike naamwoord.

Die _____ meisie het in die son gespeel.

Die _____ seun het die meisie gehelp. (2)

12.1 Verbind die onderstaande sinne met die gegewe voegwoord

Dit is nou wintervakansie. Ek gaan vir my 'n vlieër maak. (daarom)

_____ (2)

12.2 Voltooi die volgende sinne

Ek gaan vandag met my vlieër speel omdat _____ .

Dit is nou wintervakansie daarom _____ .

(2)

Ek gaan vandag met my vlieër speel (daarom; omdat) dit 'n winderige dag is. _____

Dit is nou die wintervakansie (daarom; omdat) gaan ek my vlieër maak.

(2)

12.4 Onderstreep die voegwoord in die onderstaande sinne.

Ek gaan vandag met my vlieër speel omdat dit 'n winderige dag is.

Dit is nou die wintervakansie daarom gaan ek my vlieër maak.

(2)

13.1 Skryf die onderstaande sinne in die Lydende Vorm.

Die seun maak 'n vlieër.

Die meisie het die kleurvolle vlieër gesien.

(2)

13.2 Identifiseer die tyd van die volgende sinne. Skryf jou antwoord in die oop spasie neer.

Die seun maak 'n vlieër.

Die meisie het die kleurvolle vlieër gesien.

(2)

13.3 Kies die korrekte Lydende Vorm vir die onderstaande sinne en skryf dit neer.

Die seun maak 'n vlieër.

('n Vlieër word deur die seun gemaak./'n Vlieër is deur die seun gemaak.)

Die meisie het die kleurvolle vlieër gesien.

(Die kleurvolle vlieër word deur die meisie gesien./Die kleurvolle vlieër is deur die meisie gesien.)

(2)

13.4 Onderstreep die korrekte Lydende Vorm vir die onderstaande sinne.

Die seun maak 'n vlieër.

('n Vlieër word deur die seun gemaak./'n Vlieër is deur die seun gemaak.)

Die meisie het die kleurvolle vlieër gesien.

(Die kleurvolle vlieër word deur die meisie gesien./Die kleurvolle vlieër word deur die meisie gesien.)

(2)

14.1 Voltooi die volgende vergelykings.

So groen soos _____.

So rooi soos _____.

(2)

14.2 Kies die korrekte woord tussen hakies om die onderstaande vergelykings te voltooi.

So groen soos (goud; gras).

So rooi soos (bloed; rose).

(2)

14.3 Onderstreep die korrekte woord tussen hakies om die onderstaande vergelykings te voltooi.

So groen soos (goud; gras).

So rooi soos (bloed; rose).

(2)

14.4 Omkring die korrekte woord tussen hakies om die onderstaande vergelykings te voltooi.

So groen soos (goud; gras).

So rooi soos (bloed; rose).

(2)

15.1 Skryf 'n dagboek inskrywing vir DRIE dae neer. Maak seker dat jy die korrekte spelling, lees-en-skryftekens en taalreëls gebruik.

Dag 1 _____

Dag 2 _____

Dag 3 _____

(8)

15.2 Maak 'n dagboek inskrywing vir DRIE dae. Dui die gebeurtenisse van elke dag in'n logiese volgorde aan. Maak seker dat jy die korrekte spelling, lees-en-skryftekens en taalkonvensies gebruik.

Dag 1 : _____

Dag 2: _____

Dag 3: _____

(8)